JEUGGROEPE GR. 7 – 10

Alle jeuggroepe graad 7-10 kom na die diens in die saal bymekaar. Jou jeuggroepleier sal daar vir jou wag.

#THE ROCK "MOVIE NIGHT"

Ons nooi almal uit wat in Gr. 6 tot 12 is na 'n lekker "Movie Night" vanaand om 17:00 by die Gemeentesentrum. Sien jou daar!!!

KENRIDGE GEMEENTE HOU 'N LENTE RETRAITE

Tydens 8 - 10 September by die Schoenstatt Retraite Sentrum in Constantia, hou Kenridge Gemeente retraite.

- Tema: "Die Reis – nadenke oor jou pad met God."
  (Dis 'n geleentheid om tot rus te kom by God en jouself om na te dink oor die lewe).
- Aanbieder: Gys van Schoor
- Sluitingsdatum:4 September 2017

Navrae: **Tersia by Kenridge kerkkantoor** (021) 913 4207 / 084 207 1206
E-pos: tersia@ngkenridge.co.za



Durbanville Gemeente

Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

GEMEENTEBULLETIN

KERKKANTOOR
Tel: 021 975 6370
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za
Facebook: Durbanville Gemeente
Instagram: @durbanvillegemeente
Twitter: @Dgemeente

BANKBESONDERHEDE
ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente Durbanville.Verw: *bv. RVos / MDO*

HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

TYD	WAAR	VANDAG 3 SEPTEMBER	VOLGENDE WEEK 10 SEPTEMBER
		Teks: Lukas 10: 25 - 37	*Teks: Gal. 2: 11 - 21*
09:00	**Kerk: Klassieke diens**	Ds. André Agenbag [Doop]	Dr. Tinus van Zyl
	Sentrum: Familiediens	Ds. Jana Dickason	Ds. André Agenbag
09:30	**Jeuggroepe**	Voorskool – Gr. 3	Voorskool – Gr. 3
10:00	**Jeuggroepe**	Gr. 4 – 11	Gr. 4 – 11
18:00	**#theRock** [(Tieners)]	Ds. Jana Dickason	Ds. Jana Dickason

DOOP VANDAG

Baie geluk aan Stéphan en Lee Roux wat vir Annamarie vandag tydens die Klassieke diens ten doop bring. *Ons versoek asseblief dat geen fotograaf tydens die doop opstaan, rondbeweeg, en foto's neem wat geluide en flitse maak nie. Ons beveel aan dat 'n familielid of vriend heel voor sit om die doop self op video op te neem, sodat hulle dit later vir die kindjie kan wys. Foto's kan ook na die diens in die liturgiese ruimte geneem word.*

SINODALE OFFERGAWE VANDAG – BEDIENING AAN DIE DOWES

Dowes word bedien deur twee gemeentes: De la Bat Gemeente vir Dowes in Bellville en Worcester-De la Bat in Worcester. Saam bedien beide gemeentes ongeveer 1 200 Dowes woonagtig in die Suid-Westelike deel van die land. Met verskeie bedieningspunte word ongeveer 600 dowe kinders, 56 meervoudig-gestremde Dowes, 70 bejaarde Dowes en ook 60 Dowe studente (NID-kollege) geestelik bedien.

BAIE DANKIE AAN ONS VRYWILLIGERS VANDAG

Andrew en Karin Kok, Susie Groenewald, Pierre en Esmé van Vuuren, Amanda Sampson, Hester Pretorius, Tjaart en Elmarie Coetsee.

Die "Uit die Beek" kan teen R175 bestel word by Alrina by die kerkkantoor (021) 975 6370

VOORBIDDING

Weet jy van iemand wat siek of in die hospitaal is? Laat weet asb. vir Christa by 021 975 6370 X103 of epos na: admin@durbanvillegemeente.co.za sodat ons ook vir hulle kan bid / besoek. **Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmate wat siek is of behandeling ontvang:**

- Elma Rossouw
- Lawrence de Jongh

BID VIR RASSEVERHOUDINGS

Bid vir rasseverhoudings in Suid - Afrika en ook in die res van die wêreld. Vra vir die Heilige Gees om ons harte teenoor mekaar te verander, sodat Suid - Afrika vir die wêreld 'n rolmodel sal wees van hoe mense van verskillende rasse in eenheid, versoening en geregtigheid saam kan lewe.

'N HART VIR MENSE HANDLEIDING

Om 'n handleiding te bekom, kontak gerus vir Alrina in die week by ons kerkkantoor.
Ons herinner vriendelik aan die boekies wat reeds geneem is wat nog betaal moet word – betalings kan by die kerkkantoor gemaak word of per EFT.

KORT FEITE OOR DIE GEMEENSKAPSKOMBUIS

- Die gemeenskapskombuis is naby die taxi-staanplek, tussen Shoprite en Cash & Carry.
- Daaglikse program (Maandae tot Vrydae):
  - 08:00 werkswinkel
  - 09:00 sop
  - 09:30-13:30 GROW-skoonmaakspanne se skof
  - 08:00-10:30 maatskaplike dienste
- Toegang tot sop op 3 maniere: Koepon, R5 of bywoning van werkswinkel.
- Pakkies van 10 etekoepons is te koop by die kerkkantoor en Aurora Spar @ R50 en kan gebruik word by Bellville, Brackenfell of Durbanville.
- Pakkies van 10 koepons vir slaapplek by Bellville Safe Space @ R80 by die kerkkantoor beskikbaar.

Ondersteun die inisiatief so:

- Gee koepons in plaas van geld, kos of klere – so bring jy mense na die program toe. Moedig jou vriende en jou buurt se whatsapp-groep aan om dit ook te doen.
- Borg 'n skoonmaakspan teen R1200 p.m. (1 span van 4 persone, een dag per week). Jy kan spesifiseer waar hulle werk. Kontakpersoon: Marina - marina@mes.org.za / 021 948 9888
- Oorweeg korporatiewe borgskap. Kontakpersoon: Anelle - anelle@mes.org.za / 021 949 8736
- Bid vir die haweloses in ons dorp, kyk hulle in die oë en gesels met hulle!

Verdere navrae: Nelleke Meintjes 082 775 3064 of Lilly Franks 082 399 5706.

BADISA ASSESSERING

Badisa benodig dringend R1 900 vir die assessering van 'n 7 jarige dogter wat tans in plek van veiligheid is ten einde die beste besluit te neem oor haar verdere plasing wat in die beste belang van haar is.

Indien jy kan help met 'n donasie kontak asb. vir **Diana le Roux by (021) 945 1064.**

BADISA JAARFUNKSIE 2017

Jy word vriendelik uitgenooi na Badisa se Jaarfunkie! Laat weet asb. vir **Marinda by (021) 975 7130** indien jy gaan bywoon.

Datum: 5 September 2017 om 18:00
Plek: Vredelust Gemeente

SPEELAPPARAAT DURBIELAND

Neem asb. kennis dat die speel op die klimapparaat en swaaie op eie risiko is en dat geen eet- en drinkgoed toegelaat word in die sandput nie.

Geen kinders bo die ouderdom van **7 jaar** word toegelaat hierop nie. Ons vra asb. ouers se samewerking in hierdie verband. Baie dankie!